

10 Februarie

Skrifgedeelte: Jesaja 60:1-22
Fokusgedeelte: Jesaja 60:1-3 (vgl. ook die 1953-vert.)

“Staan op en laat jou lig skyn tot eer van die Here!”

Teen die einde van 70 jaar in ballingskap breek die blye dag van verlossing aan! Die volk word weer as 'n vrou voorgestel. Sy was neergeslaan deur die oordeel van God oor haar sonde. Maar nou dring die lewewekkende oproep van die profeet tot haar deur: “Staan op! Word verlig!”

Jerusalem en haar inwoners se lot word deur die genadige ingryping van die Here dramaties verander. Die kerk wat so lank in ballingskap was, staan op die punt om in haar land en stad hervestig te word en met ongekende heerlikheid en rykdom oorklee te word. Kyk maar na die volgende:

- Kosbaarhede word deur 'n menigte kamele aangebring.
- Mense van buite verkondig met blydskap die roemryke dade van die Here.
- Uitlanders bou Jerusalem se mure.
- Die poorte staan dag en nag wawyd oop.
- Sion sal geëer word deur die nakomelinge van diegene wat hom eertyds verdruk en gesmaad het.
- En die Here sal vir Jerusalem en haar inwoners 'n ewige lig wees.

Die skildering van al hierdie gunste wat Jerusalem te beurt val, is van só 'n luisterryke aard dat 'n mens in jou verklaring daarvan nie kan volstaan met 'n verwysing na die herstel van Jerusalem ná die ballingskap nie. Die beeld moet ook deurbreek na die Kerk van die Nuwe Bedeling (Joh. 8:12) en die Nuwe Jerusalem wat by die wederkoms van Christus saam met Hom uit die hemel sal neerdaal (Openb. 21:9 – 22:5).

Feit is dat ook jy erfgenaam is van hierdie wonderskone profesie, 'n hoop te mooi om beskaam te word! Jesus Christus het jou reeds uit die weeshuis van Satan losgekoop en jou deel gemaak van die lewenshuis van sy Vader. Leef daarom vreesloos as ambassadeur van jou hemelse Vaderland, tot die Here in heerlikheid terugkeer om jou deel te maak van die volkome versadiging van sy Ewige Jerusalem!

Sing: Skrifberyming 18-7:1, 3, 9, 10, 11

Ds. JJ Cloete (Koster)